



You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

**AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL V1**

**FEBRUARIE/MAART 2016**

**MEMORANDUM**

**VRYSTAAT**

**PUNTE: 120**

**Hierdie memorandum bestaan uit 20 bladsye.**

## AFDELING A: LEESBEGRIP

## NASIEN VAN DIE LEESBEGRIP:

1. Spel- en taalfoute in antwoorde word nie gepenaliseer nie omdat die fokus op begrip is. (Foute moet steeds aangedui word.) Waar die foute die betekenis van die woord(e) verander, word dit wel gepenaliseer.

2. Indien die kandidaat woorde uit ŉ ander taal gebruik as die taal wat geassesseer word, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.

3. Vir **oop vrae** word geen punte toegeken vir JA/NEE/ EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering/bewys moet oorweeg word.

4. Vir WAAR/ONWAAR- of FEIT/MENING/LUG JOU MENING- vrae word geen punte toegeken nie. Net die rede/motivering/aanhaling word bepunt.

5. Waar een-woord-antwoorde gevra word en die kandidaat ŉ volsin gee, is dit korrek **mits** die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word.

6. Wanneer twee of drie feite/punte vereis word en die kandidaat gee ŉ hele reeks, word **slegs** die eerste twee of drie feite/punte nagesien.

7. Aanvaar dialektiese variasies.

8. Aanvaar die letter en/of die korrekte antwoord wat uitgeskryf is by ŉ **meerkeusevraag**.

**VRAAG 1**

**TEKS A: TYDSKRIFARTIKEL**

| VRAAG | ASSESSERINGSRIGLYNE | PUNT | VLAK |
|---|---|---|---|
| 1.1 | • (In die) Sahara-woestyn<br>• (In die) Sahara<br>(Enige EEN) | 1 | 1 |
| 1.2 | • Om op plase te werk/vir plaaswerk.<br>• Om op plase gebruik te word.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | 1 | 1 |
| 1.3 | warm, ✓ droog ✓ en bergagtig ✓<br>(Mag in enige volgorde gegee word.) | 3 | 1 |
| 1.4.1 | Goud (myne) | 1 | 1 |
| 1.4.2 | • Daar is ʼn standbeeld vir donkies opgerig.<br>• Die mense het ʼn standbeeld vir donkies opgerig.<br>(Of soortgelyk) | 1 | 1 |
| 1.5 | trekkers | 1 | 1 |
| 1.6 | “diere wat alles verniel” | 1 | 2 |
| 1.7 | Hulle oë sit aan die kant van hulle koppe. | 1 | 3 |
| 1.8 | • Donkies waai die insekte weg (met hulle sterte).<br>• Donkies klap met hulle sterte na die insekte.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | 1 | 3 |
| 1.9 | groot/groter/langer ✓<br>klein/kleiner/korter ✓<br>*(Nie groot/korter, ens. nie)*<br>(Enige EEN) | 2 | 3 |
| 1.10 | (Aan sy) tande | 1 | 2 |
| 1.11 | (Om donkies) warm te hou.<br>(Of soortgelyk) | 1 | 3 |
| 1.12 | Donkies is **doodgemaak** omdat die mense gedink het daar was te veel donkies.<br>(Of soortgelyk) | 1 | 3 |
| 1.13 | • B<br>• vier<br>• B vier<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1.14 | • (Die organisasies kan na die donkies kyk) omdat party eienaars **nie omgee** vir hulle donkies nie/hulle donkies **verniel**.<br>• (Die organisasies kan vir die donkies **kos** gee) omdat party eienaars nie genoeg **geld** het om vir hul donkies kos te koop nie.<br>• (Die organisasies kan vir die donkies die **mediese sorg** gee wat hulle nodig het) omdat die eienaars nie geld het om mediese sorg vir hulle donkies te gee nie.<br>(Enige TWEE of soortgelyk) | 2 | 4 |
| 1.15 | • Dis teen die wet om diere/donkies te mishandel.<br>• Mense wat donkies mishandel, behoort nie donkies aan te hou nie.<br>• Dis beter vir die donkies om in 'n veilige plek te wees.<br>• Donkies verdien 'n goeie lewe.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | 1 | 5 |
| 1.16 | • D<br>• Bruikbaar<br>• D Bruikbaar<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| 1.17 | • Sulke diere kan ongelukke veroorsaak.<br>• Sulke diere kan skade aan motors veroorsaak.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | 1 | 4 |
| 1.18 | • B<br>• harde, oninteressante werk doen.<br>• B harde, oninteressante werk doen.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| 1.19 | • Die titel sê presies waaroor die leestuk handel.<br>• Die titel beskryf die donkie net soos dit in die leesstuk staan.<br>• Die titel noem die donkie 'n wonderlike ding en dis presies wat die donkie is.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | 1 | 5 |
| | | | |
| | **SUBTOTAAL:** | **24** | |

**TEKS B: VISUELE TEKS**

| VRAAG | ASSESSERINGSRIGLYNE | PUNT | VLAK |
|---|---|---|---|
| 1.20 | dieselfde | 1 | 3 |
| 1.21 | 43% | 1 | 3 |
| 1.22 | • (Die meeste leerders wat nie tot graad 12 aangaan nie, verlaat die skool) ná graad 10<br>• ná graad 10 | 1 | 3 |
| 1.23 | • (Potlode) hou verband met skool.<br>• (Potlode) stel die skool/leer voor.<br>• (Potlode) is sinoniem met leer.<br>• (Potlode) laat jou dink aan skool/onderrig/leer.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | 1 | 4 |
| 1.24 | • (Die hoedjie) is sinoniem met verdere studies.<br>• (Die hoedjie) stel naskoolse opleiding voor.<br>• (Die hoedjie) impliseer tersiêre opleiding.<br>• (Die hoedjie) verwys na verdere kwalifikasies na skool.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | 1 | 4 |
| 1.25 | • B<br>• moontlike loopbane om na matriek te volg.<br>• B moontlike loopbane om na matriek te volg.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| | **SUBTOTAAL:** | **6** | |
| | **TOTAAL AFDELING A:** | **30** | |

| **Barrett se Taksonomie** | | Punte | % | |
|---|---|---|---|---|
| Vlak 5<br>Vlak 4 | Waardering<br>Evaluering | 7 | 23% | 20% |
| Vlak 3 | Afleiding | 11 | 37% | 40% |
| Vlak 2<br>Vlak 1 | Letterlik<br>Herorganisasie | 12 | 40% | 40% |

## AFDELING B: OPSOMMING

## NASIEN VAN DIE OPSOMMING

Die opsomming word soos volg nagesien:

- **Puntetoekenning:**
    - 7 punte vir 7 feite (1 punt vir elke feit)
    - 3 punte vir taal
    - Puntetotaal: 10

- **Verspreiding van taalpunte wanneer die kandidaat nie woordeliks aangehaal het nie:**
    - 1–3 feite korrek: ken 1 punt toe
    - 4–5 feite korrek: ken 2 punte toe
    - 6–7 feite korrek: ken 3 punte toe

- **Verspreiding van taalpunte wanneer kandidaat woordeliks aangehaal het.**
    - 6–7 direkte aanhalings: ken geen taalpunte toe nie
    - 1–5 direkte aanhalings: ken 1 punt vir taal toe

**LET WEL:**

- **Tel van woorde:**
    - Nasieners moet die getal woorde wat gebruik is, tel.
    - Geen punte word afgetrek as die kandidaat nie die getal woorde aangedui het nie of as die getal woorde wat gebruik is, verkeerd aangedui is.
    - Indien die kandidaat die vereiste getal woorde oorskry, lees tot by 65 woorde en ignoreer die res van die opsomming.
    - Korter opsommings wat die vereiste feite bevat, mag nie gepenaliseer word nie.

## VRAAG 2: DINK HIERAAN WANNEER JY ’N SELFIE WIL NEEM

[Verwerk uit *Die Burger Jip*, Maandag 19 Mei 2014]

| | TEKS | VERWAGTE ANTWOORDE |
|---|---|---|
| 1. | **Kies ’n mooi en interessante agtergrond vir jou selfie**, byvoorbeeld ’n natuurtoneel. ’n Selfie van jou in ’n badkamer of by ’n begrafnis is heeltemal verkeerd. | Neem jou selfie teen ’n mooi/interessante agtergrond. |
| 2. | As jy jou selfie in direkte sonlig neem, gaan die selfie dof wees. As jy jou selfie in te min lig neem, gaan jou selfie te donker wees. **Daarom moet jy seker maak dat jy jou selfie in goeie lig neem.** | Kies goeie lig om jou selfie te neem. |
| 3. | **Maak seker dat jy die regte klere dra vir die geleentheid wanneer jy jou selfie neem.** Wanneer jy na ’n partytjie toe gaan, kan jy jouself in jou mooi klere afneem. Wanneer jy ontspan, moet mense aan jou kleredrag kan sien dat jy ontspan. | Neem ’n selfie met klere wat by die geleentheid pas. |
| 4. | **Deel ’n spesiale geleentheid met jou vriende.** Wanneer jy jou verjaarsdag vier of by die matriekafskeid is, kan jy ’n selfie neem om vir almal te wys hoeveel jy dit geniet. | Neem ’n selfie by spesiale geleenthede om dit met almal te deel. |
| 5. | Het jy ’n nuwe haarstyl, bril of klere? **Neem ’n selfie om by jou vriende met iets nuuts te spog.** Dit sal vir hulle ook lekker wees om dit te sien. | Spog met iets nuuts deur ’n selfie daarvan te neem. |
| 6. | Mense maak asof hulle slaap, of hulle maak asof die fotograaf hulle onverwags afgeneem het, maar almal weet hierdie foto’s is vals. **Moenie situasies namaak wat nie bestaan nie.** | Neem jou selfie in situasies wat regtig bestaan. |
| 7. | **As jy nie tevrede is met jou selfie nie, kan jy dit verbeter**. Jy kan die toepassing “VSCO Cam” gebruik om jou selfie te redigeer. | Redigeer jou selfie om dit te verbeter. |
| | **GETAL WOORDE = 227 woorde ( ± 200 woorde - Disjunktief)** | **GETAL WOORDE = 62 woorde (50 – 60/65 maksimum)** |
| | | **TOTAAL AFDELING B: 10** |

| **Barrett se Taksonomie** | | Punte | % | |
|---|---|---|---|---|
| Vlak 5 | Waardering | 2 | 20% | 20% |
| Vlak 4 | Evaluering | | | |
| Vlak 3 | Afleiding | 4 | 40% | 40% |
| Vlak 2 | Letterlik | 4 | 40% | 40% |
| Vlak 1 | Herorganisasie | | | |

## AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

**NASIEN VAN TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES**

1. Spelling:

   - Eenwoord-antwoorde moet korrek gespel word.
   - By volsin-antwoorde word verkeerde spelling gepenaliseer indien die fout in die taalstruktuur is wat getoets word.
   - Waar afkortings getoets word, moet die leestekens korrek wees.

2. Sinstrukture moet taalkundig korrek wees en in volsinne aangebied word volgens die instruksies.

3. Aanvaar die letter EN/OF die korrekte antwoord wat volledig uitgeskryf is, by ŉ meerkeusevraag.

**VRAAG 3: ADVERTENSIE**

| VRAAG | ASSESSERINGSRIGLYNE | PUNT | VLAK |
|---|---|---|---|
| 3.1 | manipuleer | 1 | 3 |
| 3.2 | uitroepteken | 1 | 1 |
| 3.3 | • B<br>• Dit laat elke leser voel daar word net met hom/haar gepraat.<br>• B Dit laat elke leser voel daar word net met hom/haar gepraat.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| 3.4 | • ... almal hou nie van kampeer nie.<br>• ... die adverteerder se opinie wil hê dat mense by die ATKV se vakansie-oorde gaan kampeer.<br>• ... nie almal wil na ATKV vakansie-oorde gaan nie.<br>• ... die adverteerder wil die ATKV vakansie-oorde bemark.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | 1 | 3 |
| 3.5 | Sep – tem - ber | 1 | 2 |
| 3.6 | beste | 1 | 2 |
| 3.7 | • B<br>• kerkmuis<br>• B kerkmuis<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| 3.8 | • Verskillende lettertipes<br>• Die woorde wat in verskillende vorms geskryf is<br>• Die leestekens/uitroeptekens<br>• Die foto van mense wat kampeer<br>• Die kindertekeninge<br>• Die woorde wat groot gedruk is<br>• Die vetgedrukte woorde<br>(Enige TWEE of soortgelyk) | 2 | 5 |
| 3.9 | • Mense wat daarvan hou om te kampeer.<br>• Mense wat goedkoop vakansie wil hou.<br>• Mense met kinders.<br>• Mense wat van ATKV-oorde hou.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | 1 | 5 |
| | **SUBTOTAAL:** | **10** | |

## VRAAG 4: SPOTPRENT

| VRAAG | ASSESSERINGSRIGLYNE | PUNT | VLAK |
|---|---|---|---|
| 4.1 | Ag tog! | 1 | 2 |
| 4.2 | Gertjie sê vir sy pa dat hy nie sleg voel nie**.**<br>*(Die hele sin moet korrek wees om die punt te verdien)* | 1 | 2 |
| 4.3 | • D<br>• hulle die wedstryd verloor het.<br>• D hulle die wedstryd verloor het.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| 4.4 | • koerant<br>• nuusblad/dagblad<br>(Enige EEN) | 1 | 2 |
| 4.5 | hartseer is oor | 1 | 3 |
| 4.6 | • Wie kon ook nie 50 lopies kry nie?<br>• Watter krieketspan kon ook nie 50 lopies kry nie?<br>*(Die hele sin moet korrek wees om die punt te verdien)*<br>(Enige EEN) | 1 | 2 |
| 4.7 | warm | 1 | 2 |
| 4.8 | skinkbord**jie** | 1 | 1 |
| 4.9 | hom | 1 | 2 |
| 4.10 | Pa en Gertjie gesels terwyl hulle koffie drink. | 1 | 2 |
| | **SUBTOTAAL:** | **10** | |

**VRAAG 5.1: LEESSTUK**

| VRAAG | ASSESSERINGSRIGLYNE | PUNT | VLAK |
|---|---|---|---|
| 5.1.1 | waarop | 1 | 3 |
| 5.1.2 | agtiende | 1 | 3 |
| 5.1.3 | vuil | 1 | 2 |
| 5.1.4 | nie | 1 | 3 |
| 5.1.5 | in | 1 | 1 |
| 5.1.6 | reënwater | 1 | 2 |
| 5.1.7 | sleg**te** | 1 | 2 |
| 5.1.8 | silwerskoon | 1 | 2 |
| 5.1.9 | **om** gesonde kos **te** eet.<br>*(Die hele sinsdeel moet korrek wees om die punt te verdien)* | 1 | 2 |
| 5.1.10 | groente | 1 | 4 |
| 5.1.11 | kind**ers** | 1 | 2 |
| 5.1.12 | omdat hulle **elke dag voor die televisie sit.**<br>*(Die hele sinsdeel moet korrek wees om die punt te verdien)* | 1 | 4 |
| 5.1.13 | My **van** is Dube. *(Eienaam)*<br>**Van** ek hom ken, lees hy graag. *(Voegwoord)*<br>*(Enige sin waar die ander betekenis van die woord duidelik is.)* | 1 | 4 |
| 5.1.14 | ŉ | 1 | 1 |
| | **SUBTOTAAL:** | **14** | |

**VRAAG 5.2: PRENT**

| VRAAG | ASSESERINGRIGLYNE | PUNT | VLAK |
|---|---|---|---|
| 5.2.1 | elektrisiteit | 1 | 3 |
| 5.2.2 | op | 1 | 2 |
| 5.2.3 | handdoek | 1 | 2 |
| 5.2.4 | verwarmer | 1 | 2 |
| 5.2.5 | afgeskakel | 1 | 2 |
| 5.2.6 | beker | 1 | 2 |
| | **SUBTOTAAL:** | **6** | |
| | **TOTAAL AFDELING C:** | **40** | |

| **Bloom se Taksonomie** | | Punte | % | |
|---|---|---|---|---|
| Vlak 6<br>Vlak 5 | Sintese<br>Evaluering | 3 | 7.5% | 20% |
| Vlak 4<br>Vlak 3 | Analise<br>Afleiding | 13 | 32.5% | 40% |
| Vlak 2<br>Vlak 1 | Begrip<br>Kennis | 24 | 60% | 40% |

## AFDELING D: LETTERKUNDE

***KINDERS VAN DIE AARDE*** **– Charles Fryer**

**OF**

***OM LAASTE TE KAN LAG*** – **Pirow Bekker**

Beantwoord die vrae oor AL TWEE verhale.

**VERHAAL A: 'DIE RAMP' (20)**
**VERHAAL B: ' 'N MAN KOM TUIS' (20)**

**OF**

**VERHAAL A: 'LEUENS' (20)**
**VERHAAL B: 'TANT NELIE SE VEERPLUIME' (20)**

### VRAAG 6

### VERHAAL A: 'DIE RAMP' – TT Cloete

| VRAAG | ASSESSERINGSRIGLYNE | PUNT | VLAK |
|---|---|---|---|
| 6.1 | Sy was te siek (om per motor te reis). | 1 | 1 |
| 6.2 | moeilike | 1 | 3 |
| 6.3.1 | • C<br>• Die verteller kon nie daar aspirine vir die siek kind kry nie.<br>• C Die verteller kon nie daar aspirine vir die siek kind kry nie.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| 6.3.2 | • D<br>• Die jongste kind het daar 'n hoë koors ontwikkel.<br>• D Die jongste kind het daar 'n hoë koors ontwikkel.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| 6.3.3 | • E<br>• Die verteller het daar 'n steenbokkie gestamp.<br>• E Die verteller het daar 'n steenbokkie gestamp.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| 6.3.4 | • A<br>• Die verteller en sy gesin het daar vakansie gehou.<br>• A Die verteller en sy gesin het daar vakansie gehou.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| 6.4 | • Die motor se enjin het baie warm geword.<br>• Niemand het stilgehou om die verteller te help nie.<br>• Die verteller en sy oudste seuntjie het in die reën gestaan.<br>• 'n Klein, geel Mini-stasiewaentjie het stilgehou. | 1<br>1<br>1<br>1 | 2<br>2<br>2<br>2 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 6.5 | • Hy het in die reën stilgehou en hulp aangebied.<br>• Hy het (Humansdorp toe) gery om ŉ insleepmotor te gaan haal.<br>• Hy wou nie vergoeding vir sy hulp aanvaar nie.<br>• Hy het saam met die verteller gebly tot hulle weer op pad was Port Elizabeth toe.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | 1 | 4 |
| 6.6 | • Die weldoener het vir die siek kind aspirine/medisyne gegee.<br>(Of soortgelyk) | 1 | 1 |
| 6.7 | • Hy moes betyds by die lughawe wees om sy vrou daar te kry.<br>• Dit was nag en sy motor sou nie dadelik op Humansdorp herstel kon word nie.<br>• As hy op Humansdorp moes wag, sou hy te laat gewees het om sy vrou by die lughawe te kry.<br>• Hy woon in Port Elizabeth.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | 1 | 4 |
| 6.8 | • Die verteller het die weldoener se bril afgestamp.<br>• Die weldoener se bril het geval.<br>• Die weldoener se bril het gebreek.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | 1 | 1 |
| 6.9 | • Hy wou die weldoener vergoed.<br>• Hy wou vir die hulp betaal het.<br>• Hy was spyt dat hy nooit die weldoener se registrasienommer opgemerk het sodat hy hom later kon vergoed nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | 1 | 3 |
| 6.10 | (Daar was) digte mis. | 1 | 1 |
| 6.11 | • B<br>• se oë sy aandag gehou het.<br>• B se oë sy aandag gehou het.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| 6.12 | Hy kon seker gemaak het dat ...<br>• die basiese medisyne in die noodhulpsakkie was.<br>• die noodhulpsakkie in die motor was.<br>• daar sambrele en reënjasse in die motor was, in geval dit sou reën.<br>• die motor in ŉ goeie/padwaardige toestand was.<br>• daar ŉ flits in die motor was.<br>(Enige TWEE of soortgelyk) | 2 | 5 |
| 6.13 | • D<br>• diens aan jou medemens.<br>• D diens aan jou medemens.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| | **SUBTOTAAL:** | **20** | |

**VERHAAL B: ' ’N MAN KOM TUIS' – Chris Barnard**

| VRAAG | ASSESSERINGSRIGLYNE | PUNT | VLAK |
|---|---|---|---|
| 6.14 | • Gouws het (net) een naweek per maand huis toe gegaan.<br>• Een naweek per maand<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| 6.15 | • A<br>• kontras.<br>• A kontras.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| 6.16 | • ’n Mens werk in die warm son.<br>• Daar is baie stof waar ’n mens werk.<br>• Daar is baie lawaai/Die masjiene raas.<br>• Dit is fisiese handearbeid.<br>(Enige EEN) | 1 | 1 |
| 6.17 | (In ’n) tent | 1 | 1 |
| 6.18 | (Op) Wilgerspruit | 1 | 1 |
| 6.19 | verwelkoming | 1 | 3 |
| 6.20 | (’n paar) skoene/dameskoene | 1 | 1 |
| 6.21 | JA<br>• Ek hou daarvan om mense te help.<br>• Ek hou daarvan om geselskap te hê as ek bestuur/ry.<br>**OF**<br>NEE<br>• Dit is gevaarlik/onveilig om vreemde mense op te laai.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | 1 | 4 |
| 6.22 | • Die hond het Gouws sien aankom en begin blaf.<br>• Die vrou en kinders het Gouws tegemoet gehardloop.<br>• Gouws het die bagasie laat val en twee van sy kinders opgetel.<br>• Die hele gesin het saam al die pakkies weer bymekaargemaak. | 1<br>1<br>1<br>1 | 2<br>2<br>2<br>2 |
| 6.23.1 | • C<br>• … was gewoond daaraan om lang ente alleen te ry.<br>• C … was gewoond daaraan om lang ente alleen te ry.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| 6.23.2 | • D<br>• … was nie meer baie jonk nie.<br>• D … was nie meer baie jonk nie.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| 6.23.3 | • A<br>• … het laaste agterna gedraf om die man te ontmoet.<br>• A … het laaste agterna gedraf om die man te ontmoet.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 6.23.4 | • B<br>• … was ŉ slimkop.<br>• B … was ŉ slimkop.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| 6.24 | • Die titel dui aan dat die verhaal handel oor ŉ man wat by die huis kom.<br>• Die titel dui aan dat die verhaal handel oor ŉ man wat op ŉ spesiale manier deur sy gesin verwelkom word as hy by die huis kom.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | 1 | 4 |
| 6.25 | • D<br>• ŉ Mens moet dankbaar wees en nie kla as dinge soms moeilik is nie.<br>• D ŉ Mens moet dankbaar wees en nie kla as dinge soms moeilik is nie.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| 6.26 | • Die een wat ver werk, kan nie help as daar probleme by die huis is nie.<br>• Kinders het albei ouers by die huis nodig.<br>• Die kinders moet baie dinge vir hulleself doen.<br>• Die pa kan nie die gesin beskerm as hy ver van die huis af is nie.<br>• Dit is baie moeilik vir een ouer wat die ma en die pa moet wees.<br>(Enige TWEE of soortgelyk) | 2 | 5 |
| | **SUBTOTAAL:** | **20** | |

**VRAAG 7**

**OM LAASTE TE KAN LAG – Pirow Bekker**

**VERHAAL A: 'LEUENS' –CM van den Heever**

| VRAAG | ASSESSERINGSRIGLYNE | PUNT | VLAK |
|---|---|---|---|
| 7.1 | • Sy wou nie hê ander mense moes weet hoe dit regtig in haar lewe gaan nie.<br>• Sy het verarm.<br>• Sy was skaam vir haar lewensomstandighede/woonbuurt.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | 1 | 1 |
| 7.2 | (Hy was ŉ) sakeman | 1 | 1 |
| 7.3 | (In) Vrededorp | 1 | 1 |
| 7.4 | • Haar pa was een van die rykste boere in die Vrystaat.<br>• Hulle was ryk mense.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | 1 | 3 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 7.5 | • Olga het vir Naomi genooi om die Woensdagmiddag by haar te kom kuier.<br>• Naomi het vir haarself 'n rok gemaak om tydens die besoek te dra.<br>• Naomi het met die bus na Olga se huis in Saxonworld gery.<br>• Olga het vir Naomi met die motor teruggeneem tot in Westcliff. | 1<br>1<br>1<br>1 | 2<br>2<br>2<br>2 |
| 7.6 | • C<br>• 'n vergelyking.<br>• C 'n vergelyking.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| 7.7 | armoedige | 1 | 3 |
| 7.8 | • Haar/Naomi se seuntjie/kind<br>• Die seuntjie | 1 | 1 |
| 7.9.1 | • B<br>• … wou die beste vir die seuntjie hê.<br>• B … wou die beste vir die seuntjie hê.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| 7.9.2 | • E<br>• … het klere aan die armes uitgedeel.<br>• E … het klere aan die armes uitgedeel.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| 7.9.3 | • D<br>• … het graag geskinder.<br>• D … het graag geskinder.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| 7.9.4 | • A<br>• … het gerook.<br>• A … het gerook.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| 7.10 | • Die titel dui aan dat die hele storie handel oor die leuens wat Naomi vertel het.<br>• Die titel dui op die verskillende leuens wat Naomi oor haar lewe vertel het.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | 1 | 4 |
| 7.11 | • Die besoek aan Olga was nie iets wat Naomi elke dag gedoen het nie.<br>• Die man kon vir homself en die kind kos gemaak het.<br>• Die man behoort Naomi die tyd te gun om by haar vriende te kuier.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | 1 | 4 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 7.12 | • Die waarheid kom altyd uit.<br>• Leuens kan ŉ mens in die moeilikheid laat beland.<br>• Mense wat leuens vertel, is oneerlik.<br>• As ander mense uitvind dat jy leuens vertel, sal hulle jou later nie meer vertrou nie.<br>(Enige TWEE of soortgelyk) | 2 | 5 |
| 7.13 | • B<br>• Eerlikheid<br>• B Eerlikheid<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| | **SUBTOTAAL:** | **20** | |

**VERHAAL B*:* 'TANT NELIE SE VEERPLUIME' – Henriette Grové**

| VRAAG | ASSESSERINGSRIGLYNE | PUNT | VLAK |
|---|---|---|---|
| 7.14.1 | • Die resep (vir die veerpluime)<br>• Die veerpluim-resep<br>(Enige EEN) | 1 | 1 |
| 7.14.2 | • Peet/Hy wou die resep vir Kit gee.<br>• Kit het gesê dat sy met hom sou trou as hy vir haar die resep bring.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | 1 | 1 |
| 7.15 | (Hulle het besluit) om die resep te steel. | 1 | 1 |
| 7.16 | behulpsaam | 1 | 3 |
| 7.17 | • ŉ Ring/Trouring<br>• ŉ Sluier/'n stuk kant<br>(Enige EEN) | 1 | 1 |
| 7.18 | • Hulle het dit skelm gedoen.<br>• Hulle het nie tant Nelie se toestemming gehad nie.<br>• Dit is swak maniere om in iemand anders se goed te krap.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | 1 | 4 |
| 7.19 | Ek sou ...<br><br>• met hulle geraas het.<br>• Peet weggejaag het.<br>• Ursula belet het om iets met Peet te doen te hê.<br>• vir Peet se ma gaan vertel het wat hy gedoen het.<br>• ook gesê het dat hulle nou maar die resep vir Kit moes gee.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | 1 | 4 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 7.20 | • C<br>• personifikasie.<br>• C<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| 7.21 | • Tant Nelie het Peet en Ursula in haar kamer betrap.<br>• Tant Nelie het gesê dat Peet die resepteboek moes hou.<br>• Kit het vir die eerste keer tant Nelie se veerpluime gebak.<br>• Peet het sy fout agtergekom en teruggegaan na Ursula toe. | 1<br>1<br>1<br>1 | 2<br>2<br>2<br>2 |
| 7.22 | • Ursula het nooit gesien hoe tant Nelie die veerpluime bak nie.<br>• Ursula het nooit die resep gesien nie.<br>• Tant Nelie het die resep as trougeskenk vir Ursula gebêre.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | 1 | 3 |
| 7.23.1 | • D<br>• "Wag tot Saterdag, dan sal ek jou sê."<br>• D "Wag tot Saterdag, dan sal ek jou sê."<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| 7.23.2 | • E<br>• "Dis kinderagtig ... 'n grootmens gaan nie so aan nie."<br>• E "Dis kinderagtig ... 'n grootmens gaan nie so aan nie."<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| 7.23.3 | • A<br>• "Dis nie te koop nie."<br>• A "Dis nie te koop nie."<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| 7.23.4 | • C<br>• "Sy bêre dit vir my as 'n troupresent."<br>• C "Sy bêre dit vir my as 'n troupresent."<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| 7.24 | • Dit kan die ander persoon in die moeilikheid laat beland.<br>• Die ander persoon doen dit teen sy/haar sin.<br>• Dit is verkeerd om jou wil op 'n ander persoon af te dwing.<br>• Die ander persoon mag dalk sy/haar respek vir jou verloor.<br>(Enige TWEE of soortgelyk) | 2 | 5 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 7.25 | • C<br>• Moenie dat ander mense jou ompraat om verkeerde dinge te doen nie.<br>• C Moenie dat ander mense jou ompraat om verkeerde dinge te doen nie.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| | **SUBTOTAAL:** | **20** | |

| Barrett se Taksonomie | | Punte | % | % |
|---|---|---|---|---|
| Vlak 5 | Waardering | 8 | 20% | 20% |
| Vlak 4 | Evaluering | | | |
| Vlak 3 | Afleiding | 16 | 40% | 40% |
| Vlak 2 | Herorganisasie | 16 | 40% | 40% |
| Vlak 1 | Letterlik | | | |

**TOTAAL AFDELING D: 40**
**GROOTTOTAAL: 120**

Kopiereg voorbehou